Hoe kyk ons as Christene na diere

God se opdrag in Genesis 1:28 is duidelik dit sê dat ons die aarde moet bewoon, bewerk en bewaar en heers oor die diere. 'n Goeie heerser is tog iemand wat sorg, wat omgee sodat dit waaroor hy/sy heers geen gebrek ly nie.

Hier is 'n paar wenke hoe om te begin sorg vir die diere in jou omgewing:

Sien jou tuin/omgewing as 'n ekosisteem

Daar is baie diere wat in en om jou huis/kantoor woon. Besef dat jy sekere diere kan aantrek deur vrugte/sade daar neer te sit en selfs seker plante te plant.

Dierevangers

As jy ongewenste diere in jou huis/tuin/omgewing vind bel eerder 'n dierevanger en moenie net die dier doodmaak nie. Vind uit wie daar in jou omgewing is wat diere vang en hou die nommers. Hulle sal die dier huisves in 'n habitat.

Werk saam

Vat hande met jou plaaslike diere welsyns organisasie. Spandeer tyd daar, help hulle ander mense leer om diere te versorg en hoe om met diere in die natuur te werk. Neem diere aan en moenie koop nie.

Gebruik natuurlike onkruiddoders en gifstowwe

Natuurlike onkruidoders help die ekosisteem om te floreer. Ons moet besef dat elke gifstof of onkruiddoder wat ons gebruik wat nie natuurlik is nie veroorsaak 'n kringloop van diere wat doodgaan. Dit kan selfs plante vernietig wat kos kan wees vir diere.

Versorg troeteldiere

Sorg vir jou eie troeteldiere, gee genoeg kos en water, gee aandag. Dink aan jou diere se behoeftes bv. gebrande voete op die warm teer, warm slaapplek in die koue. Leer kinders en ander mense hoe om verantwoordelik te sorg vir hulle diere.

Die regverdige sorg vir sy diere, maar die goddeloses is wreed
Spreuke 12:10